

Finale Jaar Skripsieprojekte 2010

Louis Lagrange

Die Universiteit van KwaZulu-Natal se Skool vir Bio-hulpbron Ingenieurswese en Omgewingshidrologie (BEEH) het op Woensdag, 27 Oktober, 2010 'n opedag gehou om die finale jaar Landbou-ingenieurs wat afstudeer se skripsieprojekte ten toon te stel. Dit is tans die enigste Universiteit in Suid-Afrika waar Landbou-ingenieurs opgelei word.

Die projekte is aangepak in spanne van twee studente per span en die volgende 6 projekte is voltooi:

- Herontwerp en evaluasie van 'n jel grassaad planter vir die reabilitasie van mynareas (Skripsie wenner vir 2010)
- Ontwerp van 'n kleinskaal self-kalibrerende gifspuit
- Ontwerp van 'n ondergrondse afvalslyk korsbreker toediener
- Ontwerp van 'n kleinskaal presisie enkelpit planter
- Ontwerp van watergedrewe verdampingsvekoelingstelsels vir geboue en kweekhuise
- Ontwerp van 'n humidifisering kontrolestelsel vir wyn opberging

Die aand is gekombineer met die Algemene jaarvergadering van die Suid-Afrikaanse instituut van Landbou-ingenieurs in Suid Afrika (SAILI) en is deur byna 100 mense bygewoon. Dit het die studente goeie blootstelling aan die industrie besorg. Elkeen van die 6 projekte het geleentheid gekry om hulle projekte aan te bied, gevolg deur 'n kort vraag en antwoord sessie.



Foto; Prysveners van die aand

Voor, van links na regs: Ellen Thipe (beste 2de jaar student 2009), Tahir Jasat en Prashen Jugdawooh (beste finale jaar skripsie), Solomon Mashishi (beste werkswinkel kursus student, het 'n Gedore gereedskapstel geborg deur gedore ontvang.), Lefuno Nemakhavani (beste 3de jaar student 2009), and Gordon Boote (beste 4de jaar student 2009)

Agter, van links na regs: Alan Hill, (Hoof Tegnikus BEEH werkswinkel), Mark Zartmann (MBB raadgewende ingenieurs, borg), Prof Jeff Smithers (Hoof van die BEEH Skool), Bryan Rees (beste 1ste jaar student 2009).



Skripsiewenners Prashen Jugdawooh en Tahir Jasat voor hulle jel grassaad planter in onderhoud met Charl van Rooyen, redakteur van die tydskrif Landbou-Weekblad.